# Resensie / Review

**EDGAR, W. 1996. Reasons of the heart. Recovering Christian pursuasion.**
Grand Rapids, Mi. : Baker Book House. 126 p. Prys: $7.99.
ISBN 0-8010-5138-X.

**Resensent:** *G.A. Lotter*
(Departement Diakoniologie, PU vir CHO)

William Edgar, die skrywer van hierdie publikasie, is professor in Apologetiek aan die Westminster Theological Seminary in Philadelphia, VSA. Hy skryf in 'n gemaklike trant en op bevatlike wyse hoe die evangelie aan mense verduidelik kan word, sonder om dit 'n droë akademiese aangeleentheid te maak. Edgar verduidelik die tydsgees baie goed en plaas die geleenthede wat die postmodernisme ons bied in perspektief. Soos te verwagte van iemand uit die kringe van die Westminster Theological Seminary, is hy Bybelgetrou en werk hy vanuit die Skrifopenbaring. Hy lê byvoorbeeld groot klem op 1 Petrus 3:15 waar daar onder andere staan: "Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe", 'n teks wat myns insiens te min aandag in gereformeerde kerke kry omdat dit soms té piëtisties sou klink! Tipies Amerikaans, is Edgar egter ook baie prakties in sy benadering en werk hy konteksmatig terwyl hy die belangrikheid beklemtoon van byvoorbeeld die moderne psigologie vir die verstaan van die mens wat bereik moet word.

Die skrywer spel ook die gevare uit wat daar bestaan in die uitdra van die evangelie en probeer nie voorskriftelik wees nie, alhoewel hy goeie riglyne gee in die aanpak van die apologetiese aktiwiteit. In die hele proses van apologetiese aktiwiteite is hierdie een van die moeilikste aspekte om in balans te hou: aan die een kant die resep-agtige wyse waarop voorskrifte gegee word om die evangelie te verkondig aan nie-gelowiges, en aan die ander kant die swewende akademiese debat daaroor wat nog kant nog wal raak.

Wat hierdie publikasie besonders maak, is dat die skrywer moeite doen om ook op *intellektuele* vlak antwoorde te bied vir die kritikus van die evangelie, 'n beklemtoning wat dikwels agterweë gelaat word. Hierin sluit hy aan by die werk wat Francis Schaeffer gedoen het by L'Abri (en verwys ook daarna): kostelike werk wat gedoen is met mense wat intellektuele twyfel het oor die bestaan van God en die geloof in God.

Alles in ag genome, is hierdie 'n besondere werk wat gebalanseerd in sy uitgangspunte is en sowel Skrifgebonde as prakties is en sterk aanbeveel kan

word vir mense wat evangelisasiewerk wil doen. Dit is nie 'n handboek vir evangelisasie nie, maar moet eerder beskou word as 'n inleidende, grondliggende werk wat byvoorbeeld die evangelisasiewerker kan voorberei en laat sien wat die probleme is wanneer ongelowiges gekonfronteer word met die evangelie. Hierdie onderwerp is natuurlik uiters aktueel in Suid-Afrika vandag, waar die Christendom nie meer in 'n bevoorregte situasie is nie, maar op sogenaamde "gelyke vlak" moet meeding met ander godsdienste. Die onveranderde eis om die evangelie onbevreesd te verkondig, bly egter steeds staan en intensiveer eerder. Edgar gebruik as een van sy metodologiese uitgangspunte die emosionele saak van *homecoming*, en dit is 'n besondere perspektief: alle mense hoort uiteindelik tuis in die "Vaderhuis met die baie wonings". En die taak van die apologeet is presies dit: om alle mense te wys dat dit is waar die mens tuishoort.

Die emstige student van die Apologetiek (as vak) sal ook baat kan vind by die boek, alhoewel dit een van baie ander sal moet wees. Persoonlik kan die boek baie vir 'n mens beteken omdat jyself weer moet nadink oor dinge wat mettertyd as vanselfsprekend beskou word – sake soos byvoorbeeld 'n mens se geloof en wat dit vir jouself en ander kan beteken. Elkeen wat hom besig hou met evangelieverkondiging (van watter aard ook al), sal groot nut vind by die boek van Edgar.